Woensdag 22 April
Skrifgedeelte: Psalm 30: 1-13
Fokusgedeelte: Psalm 30: 12-13 (AFR2020)
God se genade bring vreugdevolle verandering mee

Dawid beleef die goedgesindheid van die Here. Alles gaan voor die wind. Hy verval egter in sondige oormoedigheid. Die Here sal mos sorg dat dit altyd goed sal gaan! Nou tref 'n dodelike siekte hom. Hy is soos iemand wat in 'n bodemlose put afsak. Dit is so erg dat hy dink hy gaan sterf. Dit is asof die Here sy gesig vir hom verberg. Hy is diep ontsteld. Hy het vergeet hoe afhanklik hy van die Here se genade is.

Soms dink selfs gelowiges dat dit maar altyd goed met hulle sal gaan. Die Here sorg mos. As ernstige rampe kom, is dit asof die mat onder hulle voete uitgeruk word. Hulle vergeet dat hulle sy goedheid net uit genade ontvang en dat Hy dit enige oomblik kan onttrek.

Dawid pleit nou ernstig om genade by die Here (vs 9, 11). Die Here verander dan sy omstandighede, sy geloofsingesteldheid, maar ook sy gemoed: *"U het my rouklag in 'n koordans verander, my rouklere uitgetrek en met vreugde omgord."* In plaas van droefheid bring die Here, die troue Verbondsgod, groot vreugde.

God se genade bring vir sy kind ook groot ingrypende veranderinge mee in antwoord op ons smeekgebede. Hy bring, wat die tydelike betref, verandering in geloofsingesteldheid en in gemoed. As dit sy wil is, ook volkome herstel. In sy genade bring die Here ook volkome genesing van die sonde wat ons ten dode toe bedreig. Hy doen dit deur die transformerende krag van die opgestane Christus. Deur die Gees ontvang ons weer hoop en vreugde in die Here. Met die Psalmdigter het ons ook genoeg rede om voortaan met ons hele lewe in dankbare vreugde die Here te aanbid!

*Sing: Psalm 103-1: 1, 2; Psalm 126-1: 1, 2*
*Ds. HG (Garrie) Schutte (Emeritus)*